

Basiese produksiebeginsels¹

Inleiding

Die verwysingsraamwerk vir hierdie beginsels is gebaseer op SAOSO se standaard vir organiese produksie en verwerking (SAOSO Standard for Organic Production and Processing). Die SAOSO-standaard beskryf organiese landbou as 'n benadering tot die stelsel in sy geheel, wat op prosesse gebaseer is wat 'n volhoubare ekostelsel, veilige voedsel, goeie voeding, dierewelsyn en sosiale geregtigheid tot gevolg het. Organiese produksie is daarom meer as net 'n produksiestelsel wat sekere insette insluit of uitsluit. Die SAOSO-standaard is op so 'n wyse geskryf dat produsente wat die standaard wil volg, dit kan gebruik in die konteks van derdeparty-sertifisering, Deelnemende Waarborgstelsels (PGS), Gemeenskapsondersteunde Landbou, of bloot 'n verbintenis wat die persoon met hom- of haarself aangaan.

Die standaard beskryf spesifieke items en aspekte wat toegelaat word asook insette wat beperk word, verskeie tegniese spesifikasies en aanmeldbare uitsonderings. Die beginsels wat volg is in harmonie met hierdie standaarde, **en behoort nie as 'n plaasvervanger** beskou te word nie, maar eerder as 'n aanvullende raamwerk; geskryf in taal wat alle deelnemers kan verstaan, en in die positiewe gesindheid van deelname en integriteit – hoekstene van enige PGS.

Definisie van organiese landbou

Die PGS funksioneer binne die beginsels en riglyne van IFOAM–Organics International en aanvaar dus die volgende definisie van organiese landbou:

“Organiese landbou is 'n produksiestelsel wat die gesondheid van grond, ekostelsels en mense handhaaf. Dit maak staat op ekologiese prosesse, biodiversiteit en siklusse wat by plaaslike toestande aangepas is, eerder as die gebruik van insette met nadelige gevolge. Organiese landbou kombineer tradisie, innovasie en wetenskap tot voordeel van die gedeelde omgewing en bevorder billike verhoudings en goeie lewensgehalte vir alle belanghebbendes.”

Algemene beginsels

1. Bestuur van ekostelsels

Die organiese plaas is 'n element binne 'n omgewing of ekostelsel. Die gebalanseerde bestuur en instandhouding van hierdie stelsel is 'n belangrike faktor in organiese produksie. Bestuurspraktyk behoort die volgende in te sluit:

- a. Volhoubare bestuur van grond² – verskuiwingsakkerbou om grond beskikbaar te maak, sal nie toegelaat word nie.
- b. Vleilande en kritieke broeiplekke vir voëls en diere moet beskerm word.
- c. Onbewerkte grond en natuurlike woude moet beskerm word.
- d. Indien produkte wild of natuurlik geoes word, moet gebiede waar geoes word duidelik opgeteken en gedokumenteer word en oespraktyke behoort ooreen te stem

¹ Gebaseer op Bryanston Market PGS Basic Production Principles (Julie 2018) en bygewerk deur komiteede en sektorspesialiste van PGSSA en SAOSO (Augustus 2022)

² Volhoubaar beteken: voldoen aan die behoeftes van die hede sonder om die vermoë van toekomstige generasies om in hul eie behoeftes te voorsien, te kompromitteer; bewaring van 'n ekologiese balans deur die uitputting of vernietiging van natuurlike hulpbronne te vermy. (IFOAM: Organics International 3.0)

met omgewingsbeginsels om volhoubaarheid te verseker, soos beskryf in SAOSO se organiese standaard. Die gebiede waar wild of natuurlik geoes word, moet verder veilig wees van enige kontaminasie, ongeag of dit weens landbou-chemiese of industriële besoedelende stowwe is.³

2. Grondbestuur

Organiese landbou begin met die grond. Dit is 'n basiese beginsel dat plantgesondheid 'n weerspieëling van grondgesondheid is. Die plaas moet 'n duidelike, langtermynstelsel vir die bestuur van grondvrugbaarheid in plek hê. Hierdie stelsel behoort die volgende in te sluit:

- a. Meganismes en praktyke om die vlakke van organiese materiaal in die grond te verhoog, soos “groenbemesting”, deklae, kompos, dekgewasse en die byvoeging van dieremis (tot kompos verwerk)

Nota: dieremis word slegs toegelaat indien dit minstens 60 dae voor die oes van 'n gewas toegedien word wat dalk daarmee in aanraking gekom het), met die gevolglike byvoeging van grondorganiese materiaal en voordelige mikrobies wat daarmee geassosieer word om te help met die afbreek daarvan wat tot die absorpsie van voedingstowwe lei.

- b. Hierdie insette moet as volg (in voorkeurvolgorde) verkry word:
 - i. Op die plaas vervaardig/geproduseer deur plaaslike materiaal te gebruik.
 - ii. Plaaslik by buurplase of groepe verkry. Dieremis moet verkieslik tot kompos verwerk word voor toediening, en moet verkry word by plase wat organies bestuur word of waar uitgebreide-boerderypraktyke toegepas word. Dieremis van industriële/fabrieksboerderye word NIE toegelaat nie.
 - iii. Van goedgekeurde verskaffers aangekoop.

Die pH-balans van grond en minerale: Daar is begrip daarvoor dat grondsoorte nie altyd deur die beginsels wat in *a* en *b* hierbo beskryf word vir optimale plantproduksie gebalanseer kan word nie. Die byvoeging van minerale is toelaatbaar solank die insette aan die volgende voldoen:

- i. Natuurlik verkry en voldoen aan die standaard.
- ii. Verkieslik toegedien na afloop van 'n ontleding van die grond wat Grondorganiese Materiaal (GOM) en kationuitruilkapasiteit (KUK) insluit.

Die gebruik van sintetiese bemestingstowwe (landbouchemikalieë) word uitdruklik verbied.

3. Beheer van besoedeling en kontaminasie

Enige plaas of produksiefasiliteit loop die risiko om deur chemiese en industriële besoedelende stowwe gekontamineer te word, deur die lugverspreiding (drywing) van spuitstowwe van nabygeleë plase waar gifstowwe gebruik word, afloop van paaie, ens. Indien enige van hierdie risiko's op of rondom die plaas sigbaar is, moet voorkomingsmaatreëls en bestuurstrategieë om sodanige kontaminasie te verhoed, in plek wees. Dit kan die volgende insluit:

- a. Buffersones en bufferplante op die omtrek van die plaas, sowel as buffersones en aangeplante heinings op die plaas om enige moontlike verspreiding van kontaminasie te voorkom.

³ Indien wild geoes word, moet voorsiening gemaak word vir die bewaring van saad en steggies, sodat dit weer in hul natuurlike habitat teruggeplaas kan word om uitsterwing te voorkom.

- b. Petrochemikalieë soos verf, brandstof en skoonmaakmiddels om olie te verwyder, moet afsonderlik opgeberg word, en nie in die nabyheid van enige plante, diere of voedsel nie.
- c. Behoorlike sanitasie van alle toerusting en gereedskap om kontaminasie van produkte te voorkom.

4. Waterbestuur

Die beginsels van volhoubare bestuur van hulpbronne en veiligheid van water is die twee belangrikste riglyne.

- a. Watergebruik behoort bestuur te word om die bewaring en herwinning/hergebruik van water te verseker, waar ook al moontlik.
- b. Water moet geskik wees vir besproeiingsdoeleindes en vir verbruik deur diere. Indien 'n boorgat gebruik word, moet 'n toets tydens die aanvanklike besoek gedoen word, en daarna kan verdere toetse aangevra word deur die PGS se assesseringspan, op grond van die omgewingsveranderinge in die gebied.

5. Gewasproduksie

- Aanplanting

'n Beplande aanplantingstelsel, wat ekologiese beginsels inkorporeer om voorkomende plaagbestuur te verseker en die lewensiklusse van voordelige diere/insekte te bevorder. 'n Stelsel behoort die volgende in te sluit:

- i. Kontinuiteit
- ii. Tussenverbouing
- iii. Wisselbou
- iv. Bestuur van biodiversiteit
- v. Groenbemesting/dekgewasse.

- Bestuur van saad/saailinge:

Die beginsel dat saad geoes en in saadbanke bewaar word, behoort die riglyn te wees. Dit, saam met die vestiging van saaduitruilnetwerke, behoort bevorder te word. Indien saad/saailinge aangekoop word, moet dit aan die hand van die volgende beginsels gedoen word:

- i. Koop organiese saad of saailinge van 'n verifieerbare bron aan.
- ii. Indien organiese saad of saailinge nie beskikbaar is nie, mag saad/saailinge wat op die konvensionele manier gekweek is met die goedkeuring van PGS se assesseringspan gebruik word (aanmeldbare vrystelling binne 'n vasgestelde tydsraamwerk).

Enige GM-saad of -saailinge word uitdruklik verbied in organiese landbou.

6. Plaag- en siektebestuur

Daar moet begryp word dat al die voorafgaande produksiebeginsels, indien korrek beoefen, die nodigheid vir bykomende plaag- en siektebeheer tot 'n minimum behoort te beperk. Indien

- a. grond vrugbaar, gesond en gebalanseerd is,
- b. plante in ooreenstemming met organiese praktyke aangeplant word:

Die organiese produksiestelsel sal biologiese, kulturele en meganiese meganismes insluit om plaë, onkruid en siektes te bestuur. Dit sluit die volgende in:

- i. Keuse van geskikte spesies en variëteite;
 - ii. Geskikte wisselbouprogramme, tussenverbouing en aanplant van plante wat mekaar komplementeer;
 - iii. Meganiese bewerking;
 - iv. Beskerming van natuurlike vyande van plaë deur verskaffing van gunstige habitat, soos aangeplante heinings, broeiplekke en ekologiese buffersones om die oorspronklike plantegroei waarin roofdiere hou wat plaë uitroei, in stand te hou en sodoende ook 'n gebalanseerde omgewing vir alle organismes te behou;
 - v. Natuurlike vyande, soos die vrylating van voordelige roofdiere en parasiete;
 - vi. Verwerkte organiese materiaal;
 - vii. Weiding deur diere;
 - viii. Meganiese beheermaatreëls soos vangtoestelle, versperrings, lig en klank.
 - ix. Natuurlike preparate wat op die plaas van plaaslike plante, diere en mikro-organismes berei word.
- c. die waterbron skoon is,
 - d. en die plaaslike ekosistelsel korrek bestuur word.

Plante en diere wat organies bestuur word, sal waarskynlik gesonder wees, en daarom behoort plaag- en siektebeheer minimaal te wees. Daar is begrip vir die feit dat die boer nie volkome beheer oor al hierdie faktore het nie en dat wanbalanse kan lei tot die uitbreking van plaë en siektes. Dit behoort in die volgende voorkeurvulgorde beheer te word:

- a. Die ontwikkeling van grondgehalte, gesondheid en vrugbaarheid deur middel van organiese praktyke.
- b. Aanplanting van plaagwerende plante en randstroke.
- c. Gebruik van natuurlike produkte of ekstrakte wat op die plaas vervaardig word om plaë/siektes te beheer of af te weer om aan die standaard te voldoen.
- d. Biodinamiese en/of ander goedgekeurde mikrobiële preparate.
- e. Produkte wat goedgekeur is vir gebruik in organiese landbou.

Die gebruik van sintetiese chemiese plaagdoders en onkruidodders is verbode in organiese landbou.

7. Veeteelt

Organiese veeteelt is gebaseer op die harmonieuse verwantskap tussen grond, plante en vee, respek vir die fisiologiese en gedragsbehoefte van vee en die voer van veevoer van goeie gehalte wat organies gekweek is.

- a. Ingehokte veeteelt, word verbied;
- b. Die bestuur, die omgewing, geriewe, veedigheid en grootte van die trop moet voorsiening maak vir die gedragsbehoefte van die diere, naamlik:
 - i. Voldoende vryheid van beweging en geleentheid om uiting te gee aan normale gedragspatrone (genoeg plek om te staan, te lê, rond te beweeg, hulself te versorg en natuurlik en gemaklik te broei);
 - ii. Voldoende vars lug, water, voer, hitte en natuurlike daglig;
 - iii. Toegang tot rusareas, skuiling en beskerming teen sonlig; waar moontlik moet hitte en koue, reën, modder en wind in ag geneem word;

- iv. Verskaffing van geskikte materiaal en gebiede waar diere kan verken, snuffel en wei;
- v. Daar moet ook voorsiening gemaak word vir spesifieke groepe diere (bv. vir beeste/skape/bokke: sosiale versorging en weiding; vir varke: plek om te snuffel/vroetel, genoeg ruimte sodat hulle apart kan lê, areas vir aktiwiteit/waar die diere kan ontlaas en vreet, areas waar sêe nie ingeperk word wanneer hulle hul kleintjies kry nie, groepluisvesting; vir pluimvee: nesmaak, strek/klap van vlerke, kos soek, neem van stofbaddens, areas waar hulle kan sit en hul vere kan glad stryk;

Nota: Diere waarvan die bestuurstelsel vereis dat hulle buite vasgemaak word wanneer hulle wei, kan bestuur word terwyl daar steeds aan hierdie vereistes voldoen word.

- c. Plaag- en siektebestuur sal aan die hand van die volgende metodes, in volgorde van prioriteit, bestuur word:
 - i. Heilsame, voedsame kos;
 - ii. Voorkomingsmaatreëls (ontwrigting, uitroei van habitat en toegang tot geriewe);
 - iii. Meganiese, fisiese en biologiese metodes;
 - iv. Stowwe (buiten sintetiese chemiese plaagdoders) in vangtoestelle;
 - v. Stowwe wat in Bylae 5 van die SAOSO-standaarde Weergawe 1.7 Junie 2020 gelys word.
- d. Wanneer huisvesting vir diere verskaf word, sal die boer verseker dat voldoende natuurlike en organiese kooigoed verskaf word en dat daar voldoen word aan die spesifieke huisvestingsbehoefes van elke spesie.
 - i. Alle diere moet onbeperkte en daaglikse toegang tot weivelde of 'n oop gebied met grond hê;
 - ii. Vir lêhenne, word 'n daaglikse rustyd van agt aaneenlopende uur sonder kunsmatige lig vereis.
- e. Oorsprong van diere en omskakelingstydperk: organiese diere word op organiese plase gebore en grootgemaak. Veeteeltstelsels wat van 'n konvensionele na 'n organiese stelsel omskakel, vereis 'n omskakelingstydperk:
 - i. Nakomelinge kan slegs as organies beskou word indien hul moeder regdeur die dragtigheidstydperk organies bestuur is;
 - ii. Diere wat vir vleis aangehou word, moet vanaf geboorte organies grootgemaak word;
 - iii. Melk kan slegs as organies beskou word indien die suiweldier regdeur die dragtigheidstydperk voor laktasie organies bestuur is;
 - iv. Eiers kan slegs as organies beskou word indien die pluimvee organies bestuur is vandat hulle twee dae oud is;
 - v. Aantelwee mag tot 'n jaarlikse maksimum van 10% van die volwasse diere van dieselfde spesie op die plaas vanaf konvensionele plase ingebring word. Nie-organiese vroulike diere wat plaasvervaardigers is, moet nullipaar (d.i. moes nog nie voorheen geboorte gegee het nie) wees.
- f. Verminkings is verbode. Voëls se snawels mag slegs verwyder word, kastrasies mag slegs gedoen word, lammers se sterte mag slegs afgesny word, diere mag slegs onthoring of gering word (behalwe varke) indien die diere se lyding tot 'n minimum beperk word en narkose gebruik word, waar toepaslik.

- g. Voeding: Organiese diere ontvang hul voedingsbehoefte van organiese weiding en organiese voer van goeie gehalte.
- i. Meer as 50% van die voer sal van die plaas self en natuurlike weidingsgebiede kom of sal in samewerking met ander organiese plase in die streek geproduseer word;
 - ii. Herkouers sal daaglikse toegang tot ruvoer hê. Herkouers moet vir die volle duur van die weidingseisoen(e) toegelaat word om te wei;
 - iii. Jong nakomelinge van soogdiere sal moedersmelk of organiese melk van hul eie spesie kry en sal slegs na 'n tydperk van drie maande gesoog word vir kalwers en vulletjies; ses weke vir klein varkies; sewe weke vir lammers en bokkies.
- h. Veterinêre medisyne: Alle praktiese maatreëls sal getref word om die gesondheid en welsyn van die diere te verseker deur middel van voorkomende veeteeltpraktieke.
- i. Indien 'n dier siek word of beseer word ten spyte van voorkomingsmaatreëls, sal daardie dier onmiddellik en voldoende behandel word, in isolasie en met geskikte huisvesting, indien nodig. Boere sal voorkeur gee aan natuurlike medisyne en behandelings, wat homeopatie, Ayurvediese medisyne en akupunktuur insluit;
 - ii. Gebruik van sintetiese, allopatiese, veterinêre geneesmiddels of antibiotika sal tot gevolg hê dat die dier sy organiese status verloor. Producente sal nie sodanige medikasie weerhou waar dit tot die onnodige lyding van diere aanleiding gee nie;
 - iii. Wanneer allopatiese veterinêre produkte gebruik word, moet die onttrekkingstydperk minstens dubbeld die wettige tydperk wees, of minstens 48 uur indien geen onttrekkingstydperk gespesifiseer word nie;
 - iv. Voorkomende gebruik van enige sintetiese allopatiese veterinêre geneesmiddels is verbode;
 - v. Stowwe van sintetiese oorsprong wat gebruik word om produksie te stimuleer of natuurlike groei te onderdruk, is verbode;
 - vi. Inentings word slegs toegelaat wanneer 'n siekte bekend is of daar voorsien word dat dit 'n probleem in die streek kan wees waarin die plaas geleë is en waar hierdie siekte nie deur ander bestuurstegenieke beheer kan word nie of 'n inenting volgens wet vereis word.
- i. Vervoer en slag van diere: Organiese diere moet aan die minimum stres blootgestel word tydens vervoer en slag van diere.
- i. Die gebruik van elektriese porstokke/skokstokke en ander sulke instrumente is verbode;
 - ii. Diere sal nie voor of tydens vervoer met sintetiese kalmeermiddels of stimulerende behandelings word nie;
 - iii. Elke dier of groep diere sal tydens elke stap van die vervoer- en slagproses geïdentifiseer kan word;
 - iv. Reistyd na slagpale mag nie agt uur oorskry nie;
 - v. Kontak (sig, geluid of reuk) van enige lewende dier met dooie diere of diere wat in die proses is om geslag te word, moet vermy word;
 - vi. Elke dier moet doeltreffend bedwelm of bewusteloos wees voordat dit gebloeï word.

8. Oes en verpakking

- a. Alle toerusting, voertuie en houers wat weer gebruik kan word, sal behoorlik skoongemaak word en vry wees van enige residu voordat dit vir organiese geproduseerde produkte gebruik word;
- b. Materiaal wat vir verpakking gebruik word, sal nie die produkte kontamineer nie en die gebruik daarvan sal die uitwerking daarvan op die omgewing in ag neem. Die gebruik van herwinde en herwinbare verpakking moet bevorder word, en verpakking moet tot die absolute minimum beperk word;
- c. Verpakkingsmateriaal, houers vir berging of dromme wat 'n sintetiese swamdoder, preserveermiddel of berokingsmiddel bevat, is verbode.

9. Skoonmaak, ontsmetting en sanitasie

- a. Slegs skoonmaak- en ontsmettingsmiddels wat vir gebruik in organiese produksie goedgekeur is, mag gebruik word;
- b. Prosedures wat in lyn is met standaardpraktyke vir die hantering van voedsel en aan munisipale wetgewing voldoen, moet in plek wees om voedselveiligheid te verseker.

10. Maatskaplike geregtigheid en billikheid

- a. Indiensnemingspraktyke moet ingevolge die Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing en die Grondwet geskied;
- b. Die regte van kinders moet ooreenstem met die kern van die universele verklaring van menseregte ([Universal Declaration of Human Rights](#)) om te verseker dat hul reg op gelukkige, veilige en bevredigende kinderjare gerespekteer word.

11. Dokumentasie en rekords

Die individuele boer of die PGS-kantoor behoort oor 'n toeganklike en toepaslike stel rekords te beskik, wat die volgende insluit:

- a. Kaarte en/of sketse van die plaas, produksie- en/of oesgebiede;
- b. Rekords van alle aankope/donasies van insette in die boerderystelsel;
- c. Plant-, oes- en verkoopsrekords.

Hierdie rekords moet tydens roetine-assesserings beskikbaar wees. Die rekords kan in enige formaat wees wat geskik is vir die grootte en administratiewe kapasiteit van die boer/groep, op voorwaarde dat dit deur die assessors verstaan kan word en duidelike bewyse verskaf van integriteit van aankope, produksie en verkope. Die PGS sal sensitief wees vir en ondersteunend teenoor ontluikende boere wat mag sukkel om sodanige rekords in stand te hou.

Samevatting

Daar moet duidelik verstaan word dat hierdie produksiebeginsels 'n samevatting is wat op die SAOSO Standard Version 1.7 June, 2020 for Organic Production and Processing gebaseer is en dat alle praktyke en insette volgens dié standaard geassesseer moet word. Die stel beginsels word as 'n vereenvoudigde en toeganklike dokument gepubliseer, wat in wese die standaard in 'n formaat vertaal wat geskik is vir die PGS-belanghebbendes. Nie-nakoming en besluite vir aanvaarding sal op die standaard gebaseer wees.

Raadpleeg die [SAOSO Organic Standard](#) vir leiding oor toelaatbare, aanmeldbare uitsonderings.

Die produksie van hierdie handleiding is befonds deur die South African Organic Sector Organisation en die Knowledge Hub for Organic Agriculture in Southern Africa (KHSO) as deel van die wêreldwye projek, Knowledge Centre for Organic Agriculture in Africa (KCOA), wat deur die Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH namens die Duitse Federale Ministerie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (BMZ) geïmplementeer is.

Om toegang tot die dokument se kopieregbeleid soos op 5 Oktober 2022 te verkry en om dit te verstaan, gebruik die QR-kode hieronder:

